



Gestig 1976

Suid-Afrika, 'n fontein wat die wêreld met die Evangelie bereik.

SAawe

Suid-Afrikaanse Aksie vir Wêrelddevangelisasie

Nuusbrief – Vierde Kwartaal - 2017



Kontak SAAWE:

POSBUS 10170, ASTON MANOR, 1630

+27 11 396 1225 (Tel) • +27 86 693 2500 (Faks) • info@saawe.org.za (Epos)

www.saawe.org.za

SAAWE • Tjekrekening nr 020 246 188

Standard Bank • Kemptonpark Takkode 012 442



Sendingwerk en Skaak

– Almero du Pisanie

Skaak help die speler om probleme te analiseer en op te los; dit versterk kinders se verstandelike vermoëns en wiskundige vaardighede.



In die Midde-Ooste is miljoene vlugteling in vlugtelingskampe. Hulle kinders het nie die voorreg om skool te gaan nie, wat geslagte van ongeletterde mense tot gevolg kan hê.

In samewerking met mense van die plaaslike kerk het ons 'n program van stapel gestuur om skaak beskikbaar te stel aan vlugteling kinders in een van die Midde-Oosterse lande. Die skaak handboek wat ek geskryf het, is in die proses om in Arabies vertaal te word. Ons beplan ook om klein draaibankies na die area te neem wat gebruik kan word om skaak stelle te vervaardig. Een van die plaaslike regerings se ministers het ons gevra om 'n permanente afrigter na hulle te stuur en hulle van 1000 skaak stelle te voorsien.

Deur kinders hoop te gee, bereik jy ook die ouers en kry meer mense blootstelling aan die Goeie Nuus van Jesus Christus. Ons skaak handboek word ook deur 'n sending onderwyser in 'n ander Midde-Oosterse land gebruik. Deur kinders te help word die boodskap versprei.

Plaaslik het ons skaak in skole in die Karoo, Natal en Gauteng begin en skaak stelle aan dorpsbiblioteke voorsien. Party kinders in die Karoo het meer as 10 kilometers gestap om in 'n dorpsbiblioteek te gaan skaak speel. Ekurhuleni het nou al hulle dorpsbiblioteke van skaak stelle voorsien. Ons rig een keer per week gratis in sommige van hierdie biblioteke af.

'n Skaak stel en bord kos tans R120. Op versoek kan ons aan donateurs die name van dié kinders gee wat gebaat het by hulle bydraes vir skaak stelle.

Skakel met Almero by almerodp@yahoo.com of 084 301 3932.

Moenie dit misloop!

**Skryf in jou dagboek
26 & 27 Jan 2018**

**POSITIONING OURSELVES FOR
BREAKTHROUGH**

Opleiding in "Special African Missions in Areas of Persecution and Conflict" deur Samuel Kembo. Aand van 26 Jan & Saterdag 27 Jan, Kemptonpark. R200 per persoon. Ligte middagete, verversings en opleidingsmateriaal ingesluit. Skakel Patrys @ 011 396 1225 of e-pos SAAWE.

Interaktiewe Bybel Ontdekking (IBO)

Meer as 80% van die wêreldbevolking LEES NIE en word daarom beskou as LUISTERLEERDERS. Dit sluit ook geletterde persone in.

Die IBO Opleidingsprogram rus geletterde persone toe om luisterleerders in staat te stel om persoonlik die Woord van God te bestudeer.

Die uiteindelijke doel is om hierdie persone as gehoorsame dissipels toe te rus en betrokke te maak om die wêreld met die Evangelie te bereik. IBO Opleiers begelei geletterde persone om te verstaan hoe die luisterdenker leer en onderrig hulle dan deur middel van 'n strategie om by luisteraar gemeenskappe betrokke te raak. Storievertelling word onder andere gebruik om 'n interaktiewe Bybelse ontdekking te bewerkstellig.

Gedurende die afgelope 3 jaar is ongeveer 1400 persone as praktiseerders, fasiliteerders en meester-opleiers toegerus in 24 lande (ook in Suid-Afrika) om dissipelmakers en kerkplanters te wees. Die fokusgroepe is onbereikte en onbetrokke mense.



Opleiers in die Midde-Ooste wat fokus op Siriese vlugteling.



Indiese ma en dogter wat die kursus bygewoon het.

INHOUD VAN DIE IBO PROGRAM

- Module 1 Luisterleerder denke en leerstrategie
- Module 2 Interaksie met die Woord van God
- Module 3 Storievertelling en Dissipelskap
- Module 4 Ontwikkeling van 'n uitreikstrategie

Die Modules word saamgestel uit 12 boublokke. Elke boublok bestaan uit die volgende sessies:

- Inligting
- Besprekings
- Bybelverhale
- Getuienisse

Vir meer inligting en om betrokke te raak kontak Dr. Johan Louw by johan@saawe.org.za of 0828556510.

Redakteursnota: Johan Louw is 'n deeltydse werker by SAAWE en bied die IBO kursus onder SAAWE se naam aan.



Die verenig-vuldigingsaksie in Pakistan – opleiers rus ander toe as opleiers.



God verander die Wêreld deur Gebed

Eugene Coetzee en sy Franse vrou, Mauri, het na jare se sendingwerk in Japan en Frankryk gedurende Mei na Suid-Afrika verhuis. Sedertdien werk Eugene by SAAWE.

Eugene se hoofbediening in Frankryk was intersessie en om gebedsopleiding by Youth With a Mission (YWAM) dissipelskap- en gebedskole te gee.

Hy glo dat die Here elke Christen wil gebruik om 'n seën te wees vir sy of haar land, stad of dorp.

Hy het in verskeie Franse stede gebed maar veral op Marseille gefokus omdat hulle daar gebly het. Op 'n keer is daar in Marseille 'n groot konsert gereël vir 'n sanger wat betrokke was by okkultiese praktyke. Duisende jongmense het beplan om hierdie konsert by te woon. Eugene en ander het besef dat hierdie geleentheid die stad en sy mense geestelik erg sou benadeel en hulle het ernstig gebed – ook by die plek waar die konsert gehou sou word. Die middag van die konsert steek daar toe 'n geweldige storm op wat tot die aand aangehou het. Die wind was so sterk dat die munisipaliteit besluit het om die konsert te kanselleer! Dit het toe nooit plaas gevind nie.

Sy passie is om Suid-Afrika se Christene te help om doelgerig vir hulle dorpe en stede te bid en om in gemeentes gebedseminare aan te bied. Kontak Eugene by efcoetzee123@gmail.com of 083 758 9551.



Huldeblyk aan Iain Muir

Iain Muir is gedurende Julie 2017 oorlede. Behalwe dat hy 'n groot aandeel gehad het om Jeug Met 'n Sending (YWAM) in Suid-Afrika te vestig, het hy ook in die beginjare van SAAWE op ons Raad gedien. Sy raad en hulp het bygedra dat 'n stewige fondasie vir SAAWE gelê is.

Baie Suid-Afrikaners is deur sy geïnspireerde boodskappe by SAAWE kampe geseën en uitgedaag om hulle lewens aan die Here toe te wy vir 'n sendingloopbaan. Ons dank die Here vir hierdie kosbare man van God by wie ons soveel geleer het.



Is jy geroep om in SAAWE die Ufollo.net web Koördineerder te word?

Om mense soos hulle te help